



OMSENDERBRIEF NR. 3/2019

9 Julie 2019

Geagte Ouers/Voogde

'n Belangrike en besige kwartaal lê vir ons voor. Ek wil graag die dagbestuur (Mnr. K De Jager, Mnr. S Botha, Mnr. A Faure, Mnr. W Hughes, Me. J Janse van Rensburg, Me. H Bouwer) ons sekretaresse (Me. N Bryant, Me. S Spangenberg, Me. Z Terblanche) en personeel bedank vir hul wonderlike ondersteuning en hoë standaarde wat hulle hier by Laerskool Charlo gehandhaaf het die afgelope kwartaal.

PERSONALIA:

Ons gelukwensing aan alle leerders en ouers wat hulle verjaarsdag tydens die vakansie gevier het. Ons vertrou dat julle 'n wonderlike dag beleef het en 'n nog beter lewensjaar sal ervaar.

Baie geluk aan Me. Heidi Sampson en haar gesin wat net voor die skoolvakansie 'n pragtige babadogtertjie ryker geword het. Ons weet sy gaan vir julle baie vreugde en seën bring.

Me. Ungerer keer na die vakansie met 'n nuwe van terug. Sy sal voortaan as Me. Smit bekend staan. Ons wens haar en haar man n lang en gelukkige toekoms saam toe.

Verlede kwartaal was ongelukkig ook 'n tyd van beproewing en hartseer vir van ons personeellede. Ons dink veral aan me. Renske Cooke en me. Pippa Jacobs wat albei 'n ouer aan die dood moes afstaan, asook me. Hilda Marais, wie se man oorlede is. Ons glo dat jul geloof jul in die hartseer tyd sal dra en sal sterk maak.

VERJAARSDAE:

11 Julie	Me. Zirkia Theron
20 Julie	Me. Almorie Daniell
29 Julie	Me. Kelly Von Berg
22 Augustus	Me. Maleen Theron
25 Augustus	Mnr. K De Jager
3 September	Me. Renske Cooke
22 September	Me. Linette Botha
24 September	Me. Janien Janse van Rensburg
30 September	Me. Brenda Lentz

Die belangrikste bedrywighede by ons skool en in die gemeenskap word vir u aangedui.

1. BELANGRIKE DATUMS EN GEBEURTENISSE

9 Julie	Skool heropen om 07:50
13 Julie	Dr Viljoen Sportdag
20 Julie	Sunridge Derby

23 Julie	Fanie Viljoen besoek skool
26 Julie	Hondevertoning vir Gr RR tot Gr 3 om 11:00
27 Julie	Ondersteunersklub – Trivia
31 Julie	Lapa boekverkoop
9 Augustus	NASIONALE VROUEDAG
17 Augustus	Pellsrus Sportdag
20- 22 Augustus	Skoolkonsert
24 Augustus	Lorraine derby
30 Augustus	Lenteloop
2-4 September	Hoofdesimposium
4 September	Sekretaressedag
19 September	Monitorkamp
	Oueraand (tussen 17:00 en 19:00)
20 September	Monitorkamp
	Skool sluit

2. VOORSKOOL, PRE-PRIMÊR EN GRAAD 1 - 7 INSKRYWINGS

Ons inskrywings vir 2020 is nou afgehandel. Alle leerders wie nie plek gekry het nie, se name is deurgegee vir die Departement van Onderwys. Hulle sal die leerders plaas by skole wat wel plek het. Die wat wel plek gekry het, moet asb. sorg dat die voorwaardes, soos uiteengesit in die aanvaardingsbriewe, so spoedig moontlik nagekom word om hul plek vir volgende jaar te verseker.

3. SKOOLDRAG

Ons besef dit is winter, maar ons wil u vra om seker te maak dat u kind elke dag die korrekte skooldrag aanhet. Geen “oorverwarmers ” of warmwatersakke word toegelaat nie.

4. SPORT/BUITEMUURS/AKADEMIE

Ons sportspanne presteer baie goed. Ek wil graag al die leerders wat die oefeninge so getrou bywoon bedank. ’n Spesiale woord van dank aan al ons ouers wat ons so gereeld ondersteun tydens die wedstryde. U aanmoediging maak n groot verskil aan die leerders se prestasie op die veld.

Baie geluk aan Christiaan Van Der Merwe en Nicholas Hughes wat in die PE Stadspan ingesluit is en aan die rugbytoernooi in Cradock (Marlow) deelgeneem het. PE Stadspan het die toernooi gewen. Ons is geweldig trots op julle.

Ons netbalspan het in April na Knysna getoer en 6 van hul 11 wedstryde gewen. Dit was n lekker opwarmsessie vir die seisoen.

Ons hokkiespan het die eerste week van die vakansie aan n toernooi op Graaff-Reinet deelgeneem en uitstekend gevaar. Skole van regoor die land het deelgeneem. Ons span het 3 van hulle wedstryde gewen, 1 gelykop gespeel en 1 verloor. Dankie aan me Murie en mnr Botha vir julle afrioting.

Ons het vanjaar vir die eerste keer aan die Radikale Leeskompetisie deelgeneem en baie goed gevaar. 10 van ons leerders is deur na die Provinsiale rondte en het in Oos - Londen

deelgeneem. Van die 10 het 3 (Mari-Lo Aylward, Noah Gerber en Gabriella Schoeman) gekwalifiseer vir die Nasionale rondte in Pretoria.

Twee van ons Gr 3 leerders, Noah Gerber en Marko Lemmer, het deelgeneem aan die Spelling Bee kompetisie. Al die deelnemers was so goed voorberei dat die beoordeelaars later uit die Oxford woordeboek (onvoorbereide) woorde moes vra om die wenner te bepaal. Ons is trots om te kan sê dat Marko uiteindelik die 2^{de} plek behaal het. Voorwaar n uitstekende prestasie. Groot dank aan me. Janien Janse van Rensburg en me. Heidi Sampson vir hulle afrigting.

5. PROJEKTE AANGEPAK GEDURENDE KWARTAAL 2

Die OOV het 2 nuwe stofsuiers aan die skool geskenk. Baie dankie. Dit is beslis 'n baie welkome geskenk aangesien ons bestaande stofsuiers nie meer die werkslading kon hanteer nie.

Ons wil ook vir mnr. Greeff en sy span bedank vir hulle harde werk gedurende die skoolvakansie. Hulle het, ten spyte van hul normale vakansieprogram, ook die saal se vloer afgeskuur en gepoleer, asook ons Gr R dak vervang wat al n geruime tyd lek.

6. 67 MINUTE VIR MANDELA DAG: 18 JULIE

Ons wil graag vanjaar vir Kleinskool ondersteun deur ou klere en basiese kruideniersware te skenk. Wat Kleinskool spesiaal maak is dat dit n kleuterskool asook n kos en klerewinkel het. Die liefdadigheid vereis van die gemeenskap om plastiek op te tel en dit na die klerewinkel te bring. Die plastiek word dan geweeg en geruil vir n koopbewys wat slegs in die klerewinkel en koswinkel gebruik mag word. Sodoende help die gemeenskap om die omgewing skoon te maak en om te besef dat mens moet werk vir dit wat jy ontvang. Indien u iets wil skenk vir die goeie saak, kan u enige ou klere/basiese kruideniersware gedurende skoolure by die kantoor kom afgee. Ons sal dit dan op 18 Julie na Kleinskool neem. **Almal wat n kledingstuk skenk mag op 18 Julie gratis siwwies dra**

7. OUERAAND

Ek kan die belangrikheid van oueraand nie genoeg benadruk nie. Dit is u kans om u kind se vordering met die onderwyser te bespreek. Wend asb 'n ernstige poging aan om dit by te woon. Ons gee genoeg tyd tussen 17:00 en 19:00 sodat alle ouers wel met die onderwyseres kan gesels.

Mag God vir ons skool as geheel, asook ons ouers/voogde ryklik seën gedurende hierdie kwartaal met alles wat ons beplan en aanpak.

Vriendelike Charlogroete

.....
A DANIELL
SKOOLHOOF